**Donderdag 12 Oktober**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-20**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:18 (AFR83)**
**Die arbeider in God se wingerd is sy loon werd**

Paulus haal uit die Ou Testament aan uit Deuteronomium 25:4 om ons te leer dat dit die plig van kerke is om hulle predikante gemaklik en ruim te onderhou. Net so min as wat jy jou os se bek mag toebind as hy besig is om jou graan te dors, net so min mag jy ’n leraar wat preek en geestelike wins vir jou in die oog het, nie genoegsaam versorg nie.

Die Here beklemtoon hierdie saak deur dit twee maal deur sy Gees te laat opteken in 1 Korintiërs 9:9-10 en hier in 1 Timoteus 5:17-18. As jy ’n brute wese soos ’n bees, wat ons dien, die nodige ondersteuning vir lewe moet toelaat om van sy arbeid te mag geniet deur van die koringkorrels te mag eet terwyl hy dors, hoeveel te meer moet ons leraars wat ons geestelik bedien met die Woord van God, aanmoedig om ons sonder sorge te bedien.

Kerkorde Artikel 11 praat van die verpligting om met “behoorlike onderhoud te versorg”. “Geen predikant wat gedurig worstel om uitgawes en inkomstes te laat klop, kan sy beste gee in die uitoefening van sy ampswerk nie” (Visser, J. 2006. *Die kerkorde in Praktyk*, p.49-50). As jy nie behoorlik kan versorg nie, moet jy hulp by ander kerke vra via sustentasie of ’n kerk wat finansieel in staat is om te help.

Daarom is kerke verplig om nie hulle predikante uit te buit nie, maar met behoorlike onderhoud te voorsien. Die Here wat mense roep om in sy wingerd te werk, wil hê sy verlossing in Jesus Christus moet sigbaar word in gemeentes se ruim onderhouding van sy diensknegte.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Ds.TJ Potgieter (Theunis) (emeritus)*